

13 Desember

Skrifgedeelte: Handeling 24:24-27

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; 1 Korintiërs 9:25; Handeling 24:25

Die Heilige Gees gee jou beheer oor jou begeertes en dade

Vandag is ons besig met die laaste deel van die vrug van die Gees: SELFBEHEERSING. Die Griekse woord in Galasiërs 5:23 is "egkrateia". Die woord se betekenis is: om volkome beheer oor jou begeertes, aksies en dade uit te oefen. Dit kan ook anders gestel word: om jouself in te hou, om aan jou hart gehoorsaam te wees, om jou eie begeertes teen te staan, om meester te wees oor wat jy wil hê. Vir ons is dit sonder die Heilige Gees beslis onmoontlik! Genadiglik is selfbeheersing deel van die vrug van die Gees binne-in ons.

In 1 Korintiërs 9:25 skryf die apostel Paulus dat mens selfbeheersing moet oefen, inoefen. Dis soos die atleet wat met baie selfdissipline homself van allerlei dinge moet weerhou. Jy moet met selfbeheersing jou weerhou van dinge wat teen die wil van die Here is.

In Handeling 24:25 lees ons dat Paulus 'n baie belangrike persoon aanspreek, goewerneur Feliks. Paulus is in die tronk en sonder om bang te wees, spreek hy met groot respek die goewerneur aan. In die gesprek vertel hy wat Jesus Christus met hom as mens gedoen het, hoe Christus sy lewe verander het. Paulus praat met die goewerneur oor gehoorsaamheid aan God en 'n lewe van selfbeheersing.

Moet jy dalk met iemand wat jou meerdere is, praat? Die persoon vergryp homself dalk aan alkohol of iets. Jou werkgewer verwag dalk van jou om die besigheid se boeke te kook. Jou broer lewe dalk saam met iemand met wie hy nie getroud is nie. Die Heilige Gees is in jou en Hy gee aan jou selfbeheersing, sodat jy wel genadiglik beheer kan kry oor jou begeertes, gedagtes en dade. Nou kan jy met omgee en liefde biddend met ander oor selfbeheersing praat.

Sing: Skrifberyming 9-2:8, 9

Ds. J van Schaik (Randburg)